The prefects have many duties - each prefect is responsible for a register class and the idea is that they serve as mentor and liaison between the learners and the teachers. The prefects are divided into four committees, namely the academic, cultural, sport and hostel committees. The three school captains meet with the governing body of the school once a term and have a weekly meeting with the principal. The school captains also have the responsibility to attend various functions on behalf of the

school. The prefects that are hostel boys are on duty specific weekends in their respective hostels and the town prefects are responsible for the hoisting of the flags.

The prefects seem to feel that they face an uphill battle in instilling discipline in the school. Reason being that the punishment methods in the school have changed and there is difficulty in finding suitable methods that work.

The grade 11 boys seeking to become prefects should consider whether they are ready for the commitment and work associated

with the position and that they aren't doing it for the apparent fame that comes with it. There is a process that includes a leadership course that they will have to undergo in order to be considered for the tie.

According to the school the prefects are mainly chosen by the learners with the teachers also having an insignificant vote.

John Maxwell has a fitting quote that should be applied by the prefects: "Leaders become great, not because of their power, but because of their ability to empower others."

Rugby speel maak letterlik die knieë lam

ANDRIES MULDER

Beserings is algemeen in sport. Soveel te meer in rugby waar daar gedurig kontak tussen spelers is en die spiere van spelers maksimaal getoets word. Beserings kan egter tot 'n mate bestuur word. Volgens Prof Denk Coetzee, voormalige kondisioneringsafrigter van die Springbok rugbyspan is vaardigheid

belangrik, maar dat oefening in die gymnasium 'n sentrale rol speel by professionele rugbyspelers. Krag, spoed en momentum is volgens hom van kardinale belang.

By Grey Kollege is dit dieselfde. Volgens mnr Hein Vosloo, die kondisioneringsafrigter, is daar aan die einde van elke seisoen 'n voorbereidende oefeninge om die spelers gekondisioneer te hou en

reg te kry vir die volgende seisoen. Daar is egter 'n lang Desember vakansie tussen-in wanneer baie spelers met vakansie gaan en nie noodwendig by die uitgewerkte programme hou nie.

Gesprekke met verskeie spelers het bevestig dat hierdie tyd deur baie spelers gebruik word om 'n blaaskans te neem. Hierdie jaar was die voorbereidende oefeninge by Grey Kollege baie anders as vorige jare. "Ons het omtrent dubbeld soveel ge oefen in vergelyking met verlede jaar," het 'n senior speler, wat die vorige jaar ook in die oefengroep was, gesê.

Volgens die spelers in die oefengroep het hulle in die oggend 'n gimnastiese sessie, in die middag 'n fiksheidssessie en dan nog "skills" en "drills" gedoen. Omdat die proewe hierdie jaar omtrent 'n maand later plaasgevind het, was die voorbereidende oefeninge ook langer. Volgens Prof Coetzee word gewigte deur spiere en ligamente beskerm. Indien die spiere te veel uitgeput word kan dit die beseringsrisiko verhoog. Dit blyk dus dat die spelers hierdie jaar harder ge oefen het as in die verlede. Maar, het hulle nie dalk te hard ge oefen nie?

Spelers het die verantwoordelikheid om hulself op te pas. Die feit bly staan: te veel van 'n goeie ding is dalk nie altyd goed nie.



Johann Dippenaar: slagoffer van beseringspook. Foto: James Braude

Suurlemoene dra soete herinneringe

KOLBÉ KOLVER

Die hoofdoel van elke jaargroep by Grey Kollege behoort te wees om die skool in 'n beter toestand te los as waarin hul dit gekry het.

Dit is een van die redes waarom Grey Kollege jaar na jaar vooruitstrewend is. Dit beteken egter nie dat net leerders iets blywends agterlaat nie, maar ook sommige onderwysers. Sommige onderwysers het 'n meer eksentriek wyse van iets agterlaat. Mnr Vandie Van der Walt, Grey-onderwyser van 1976-1995 het 'n suurlemoenboom voor sy klas geplant en hy sal altyd onthou word vir sy 'suurlemoentradisie'.

Vandie, soos hy bekend

gestaan het onder sy kollegas was lief daarvoor om die welslae, en nederlae, van interskole met 'n glasijs *gin en tonic* te vier - met 'n skyfie suurlemoen in. Dus het hy dit goed gedink om die suurlemoenboom, wat nog steeds voor mnr Koekemoer se huidige klas staan, te plant sodat as enigiemand 'n suurlemoen nodig het, hulle dit by Vandie se boom kan kry.

Hy was baie lief vir tuinmaak en het gereeld met sy plante gepraat asof dit sy familie was. Mnr Vandie van der Walt het die skool, na 19 jaar, in 'n beter toestand gelos as wat hy hom gekry het deur iets blywends agter te laat. Vandie se 'suurlemoentradisie' is vandag deel van Grey Kollege se erfenis.

Like us on: facebook.

i'm lovin' it!

Study, Study, Study? Exams, Exams, Exams?

...McFLURRY!!

Proud to be associated with Grey College

McDonald's Bloemfontein • 051 448 8935



'n Peiling bepaal nie die sukses van 'n skool nie

CAREL GREYLING


Tik Grey Kollege in 'n internet soekenjin in en, buiten die verskyning van die voor die hand liggende webtuiste en wikipedia verklaring, verskyn 'n skakel na 'n Finweek artikel. In dié Finweek-artikel word daar, onder andere, verwys na die kontroversiële aanwysing in 2013 van Grey Kollege as die beste skool op die vasteland van Afrika.

Die feit dat daar soveel argumente teen en vir hierdie peiling was, laat mens beseef dat sukses relatief is. Vir verskillende mense beteken dit verskillende dinge, maar alle mense of instansies wil suksesvol wees.

Vra vir die Grey-leerders wat hulle meen maak 'n skool suksesvol en hulle antwoorde wissel enigiets van die gees van die skool tot die sportresultate. Die mees algemene antwoord is steeds, sonder twyfel, die leerders van die skool.

Ouers voel dat hul kinders as gebalanseerde jongmense hul skoolloopbane moet voltooi. Hulle moet weet hoe om doelwitte te stel om hul drome te verwesenlik. Hulle moet tot kritiese denke in staat wees en ook na ander se menings kan luister en hul eie, ingeligte opinies kan vorm. Hulle moet wenners wees wat ook die vermoë het om met grasia te verloor.

Onderwysers meen dat dit wat ingesit word, is dit wat uitgekry word. As onderwysers, leerlinge en ouers met passie saamwerk op die meetbare terreine van enige skool – akademies, sport, kultuur en leierskap, sal die skool die vrugte hiervan pluk. Dit is belangrik om nie te stagneer nie – soos Winston Churchill gesê het: "Success is not final, failure is not fatal: it is the courage to continue that counts."



Different coats of arms serve as a reminder of our illustrious past. Photo: James Braude

The Grey magic surrounds us all

Don't try to describe it - it simply is

KEO MATSHELE

According to the University of North Texas Union blog, school pride is not just wearing your school's colours. It is a vast combination of certain elements but most importantly, a way of belonging to something much greater than oneself.

Pride in one's school is a collective emotional attachment and is seen by the students' attitude towards the school and the devotion to the school. Students believe that the "Grey Gees" is an aura that surrounds the school, and is the source of pride and camaraderie.

Werner Roberts, prefect and first rugby team captain has the following to say regarding the school's atmosphere: "I have seen the spirit change many times depending on events at school, inter-schools and examinations. In all my years at Grey I have never experienced anything like the spirit among the boys during the Affies inter-school this year. I could feel 1000 boys backing the 15 on the field and the school as one."

A growing concern amongst the Grey community, particularly Old Grey's, is the practice of school traditions amongst the boys. These traditions include sing-songs, tea and buns, pie and Coke at the Tuckshop and also the legendary Greyshake.

Hayden Venter, a grade 11 learner who joined the school in the 2nd term confirms this experience. "I come from a relatively new school. It was a small school with nothing like the traditions of Grey. I've only been here for a few months but I've already gained a lot of pride in the school because of its traditions and history."

Pride with humility is one of the core values of Grey College. The winning attitude and pursuit of success from Grey boys originate from the pride they have for the school. This pride is evident during crises within the school or when under pressure from sources outside the Grey community.

Vaughn Prentis, first hockey team captain, says, "Our backs were against the wall going into this year's Affies interschool. Although we didn't get the result we wanted, we all play our hearts out for the school and that is more important than any result."

According to the UNT Union blog, school spirit, in many ways, is a qualitative measure of how well a school is doing and has a direct relationship with school pride. Despite not achieving the desired goal against Affies, the Grey boys displayed an increase in school spirit and gained more pride.

This proves that pride that respects the history of the school and all those involved with the school exists.

Riaan Heyman, a grade 11 learner, says, "I came to Grey last year from a small school. There is no similarity at all between the two schools."

The biggest difference has to be the presence I feel at this place. It is like a spirit that surrounds everyone here."

Whatever the indefinable element is that makes Grey the great life experience that it ultimately turns out to be, cannot be described in mere words.

If you ever need to describe it, the utter wonder of it will disappear and with that also the magic that is Grey.

Grey is more than just the sum of its parts

JORGE GOMES

Early in the second term of this year, after the loss of the first rugby team to Paarl Boys' High, in a speech encouraging the Grey boys to show better support, a speaker stated that without rugby, Grey is nothing.

While it was necessary to remind the Grey boys to show proper support, it is really true to say that the school is nothing without rugby?

Opinion around the school was divided concerning this matter. Many people agreed with the statement, citing that rugby is what gives us our recognition, we are known for it and would be just another school without it.

This opinion was strongly contrasted by others who said that we excel in other things too, giving examples such as our recent tennis accomplishments and the annual music festival, among others. It can even be said that soccer, hockey and tennis are all performing better than rugby this year.

A middle ground opinion was that a school is a school, and Grey will be a school with or without rugby. The final widespread opinion encountered, though surprisingly less widespread than the other

three, is that Grey is a place where we learn values, it teaches discipline and unity, it teaches the 'Grey way'. What then is the truth?

Rugby at Grey can be traced as far back as the 1880s. This may seem like proof enough to support the necessity of rugby at the school. However, Grey College was founded in 1855, and rugby did not even exist in South Africa until 1878.

From this it can easily be seen that rugby was not even considered in the founding years of the school

and cannot be called an integral part of the school.

Rather let us look to the founder to find the foundation of our school. Sir George Grey was said to be a man of high character as a Christian, statesman and gentleman.

Among his last words to the school is the immortal quote, "May the College ever train noble citizens". Therein lies our foundation and what should set Grey College apart from the rest.



Support whatever the school does.

Photo: Johann Sonnekus

Royal HUNTING SAFARI'S AFRICA

Tel: 057 899 1113 • Sel: 082 561 4995 • e-mail: rhsafaris@yahoo.com

Trotse borg van die Cherries


CARAMELLO'S
Eat Life!

School prepares you for life, Caramello's prepares life for you. Eat Life! Eat Caramello's

Visit facebook.com/caramellos.co.za for more

Skorsing dien as tydelike straf en nie as permanente oplossing nie

Leerders beskou dit as vry vakansie en hul akademie ly skade daardeur



Die sukses van enige instansie berus op effektiewe bestuur en die instandhouding van sy visie en missie.

Die handhawing van dissipline is uiters belangrik ten einde suksesvol te wees in dit wat nagestreef en bereik wil word.

Skole wêreldwyd word daaglik gekonfronteer met leerdergedrag. Onderwysers staan meer as ooit tevore kritieke probleme in die gesig en na die afskaffing van die ou stelsel van lyfstraf het daar 'n dringende behoefte ontstaan om op innoverende maniere met gedragsprobleme om te gaan.

Volgens 'n dokument wat deur die Wes-Kaapse regering vrygestel is, berus die nuwe benadering tot positiewe gedragsondersteuning 'n fokusverskuiving - van tekortkominge en beheer na 'n ontwikkelings- en helende benadering. Dit sal leerders in staat stel om te ontwikkel tot verantwoordelikheid, bou van verhoudings en 'n groter gevoel van welsyn.

In Suid-Afrika en vele ander lande, word skorsing vir oortredings al meer gebruik. Leerlinge kan permanent of tydelik uit die skool geskors word afhangend van die tipe



oortreding wat begaan is. Hoewel hierdie strafmetode toenemend gebruik word, is dit nie vir almal ewe aanvaarbaar nie en word die effektiwiteit daarvan bevraagteken.

Skorsing word omskryf as 'n strafmetode wat 'n leerling vir 'n periode van 'n dag of selfs weke verbied om skool by te woon. Die ouers word hieroor ingelig en die redes word met hul bespreek.

Maar is hierdie straf gepas en het dit 'n positiewe uitwerking?

Sekere sielkundiges meen dat dit slegs 'n "vry vakansie" vir die leerling is en dat sy akademiese opvoeding skade lei. Ander meen weer jy leer 'n les hieruit.

Die vraag kan ook geopper word of skorsing van leerlinge, wat die skool in een of ander aktiwiteit verteenwoordig, nie die naam van die skool in gedrang bring nie? Is dit reg dat 'n skolespan, hetsy sport of kultureel, van deelname onttrek word as gevolg van skorsing?

Of kan so 'n straf dalk juis 'n kind twee keer laat dink voordat hy weer droogmaak?

Skole het 'n belangrike taak om hul kinders te leer om te onderskei tussen aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag.

Skoolreëls is instrumenteel tot die geheelontwikkeling van die leerling, en dit is belangrik dat elke kind verantwoordelikheid vir sy optrede sal neem. Die foute wat hy vandag maak, dra hy saam met hom.

Mad Max: Fury Road - take a wild ride with DC Comics

ETHAN DE WITT

Genre: Sci-Fi Action
Director: George Miller
Rating: 9/10

The movie all DC comics' fans have been waiting for - a better version of the previous *Mad Max* movies. *Mad Max: Fury Road* is co-written by George Miller (also known for the Academy Award-winning film series *Babe* and *Happy Feet*) and it is the fourth film in Miller's *Mad Max* franchise. It is also the first film of the franchise in 30 years.

Mad Max: Fury Road will have you on the edge of your seat. Mel Gibson, who starred in the original three previous films is replaced by Tom Hardy as Max Rockatanky, a retired cop haunted by the lives he was unable to save. Set in a futuristic desert wasteland, Max joins forces with Imperator Furiosa, played by Charlize Theron. They flee from cult leader and main antagonist of the story Immortan Joe, played by Hugh Keays-Byrne, and his army. The main theme of *Mad Max: Fury Road* is survival. In a world where water and gasoline are scarce commodities, staying alive becomes crucial. Home is also regarded as an important theme - after having his home was destroyed he searches for a new home to raise his family.

South Africans might find it interesting that parts of *Mad Max: Fury Road* was shot in the Namib Desert. The film premiered on 7 May 2015 at the TCL Chinese Theatre and grossed \$16.77 million on its opening day. Critics have widely praised the film for its acting, screenplay, stunts and direction. This film is a must-see for all.

AC/DC is still not too old to rock and roll



AC/DC is an Australian band who started out in 1973.

The band's original members were the two brothers Malcolm and

Angus Young until Malcolm left the band in 2014 due to illness. The band's line-up changed often from 1973 up until 1995: bassist Cliff Williams replaced Mark Evans in 1977.

Bon Scott died on 19 February 1980 after a night of drinking and Brian Johnson, ex-Geordie singer, became the new vocalist. The band released a new album later that year, *Back in Black*, as a tribute to Bon Scott.

In 1983 drummer Phil Rudd was fired and replaced by Simon Wright, but returned in 1995, after Chris Slade, who was with the band

for 6 years, was asked to leave in favour of him.

The band has released 17 albums since the release of their first album, *High Voltage*, in 1975. In 2014 they released *Rock or Bust* which was the first album in the band's history without Malcolm Young on the recordings.

AC/DC has been nominated seven times at the annual Grammy Awards but only succeeded to win the award for the Best Hard Rock Performance in 2010. AC/DC were inducted into the highly acclaimed Rock-and-Roll Hall of Fame in 2003 and during the ceremony the band performed *Highway to Hell* and *You Shook Me All Night Long*.

AC/DC is the fifth best-selling band in US history and the tenth best-selling artist, selling more albums than Madonna and Mariah Carey.

This group of 60-year-old rock-and-rollers is currently busy with their *Rock or Bust World Tour* in support of their album. They show no sign of quitting or slowing down and are continuing their reign as kings of rock-and-roll.

Although AC/DC were famous in our parents' era we are not strangers to their lyrics or to their songs.

- Dr Grey



COPY

SCAN

PRINT

FAX

**ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS**

Tel: 051 446 2440

ITEC

e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za

KONICA MINOLTA

uitslae

Interskole
Paarl Boys High



RUGBY

Eerstespan	verloor	19-21
Cherries	verloor	24-31
Derdespan	wen	27-20
Vierdespan	wen	28-13
Vyftdespan	wen	27-22
Sesdespan	wen	26-21
Sewendespan	wen	27-0
Agtstespan	wen	46-0
Negandespan	wen	43-5
o/16 A	wen	17-10
o/16 B	gelykop	15-15
o/16 C	verloor	12-44
o/16 D	verloor	0-15
o/15 A	wen	20-18
o/15 B	wen	24-17
o/15 C	verloor	22-26
o/15 D	wen	26-20
o/15 E	verloor	10-40
o/14 A	gelykop	21-21
o/14 B	verloor	13-28
o/14 C	wen	22-5
o/14 D	wen	22-20
o/14 E	verloor	5-22

HOKKIE

Eerstespan	wen	3-2
Tweedspan	wen	5-1
Derdespan	wen	3-2
Vierdespan	wen	5-0
o/16 A	wen	6-0
o/16 B	wen	4-0
o/16 C	wen	2-1
o/14 A	gelykop	0-0
o/14 B	wen	5-0
o/14 C	gelykop	1-1



Stuart White has proved on numerous occasions that he is one of the most promising karting racers in South Africa. Photo: Supplied

Stuwie is SA's Baby Vettel

Karting might be a stepping stone for a racing career

PHILIP PRETORIUS

Grey's newest emerging prodigy is one that is surely leaving his mark.

Stuart White, otherwise known as 'Baby Vettel', began kart racing at the age of 5. He regards karting as the stepping stone for building an international racing career.

He forms part of the Blue Roos Kart Team, under team principal Etienne Roos, who is a former World Champion.

His favourite memory is that of becoming a double SA Champion in the Mini ROK and Maxterino Championship in 2013. He finished 8th overall in the World ROK finals in Italy. He received his Junior Protea

colours for these achievements.

He moved up from the 60CC class to 125cc class in January 2014. He achieved 5th place overall in the National Rotax Championship in 2014. He did extremely well for his first year in 'Junior Max', as he is only 13 years of age and he is competing against 16-year-olds. After the National Championship he claimed an overall second place in the Northern Region.

In April 2014 he participated in the X30 Junior European Championship in Belgium.

At the X30 World finals in Le Mans in France, during October 2014, he showed his fighting spirit. He had technical problems that held

him back and he was in a flying crash in the pre-finals, but this did not keep him down. He achieved an 8th place in the finals.

He received a seat in the SA team to participate in the Vortex ROK World Cup in Lonato in Italy during October 2014. He finished in a commendable 18th position.

This year started well for Stuwie after he finished in pole position and won 3 races in the Vortex ROK in Port Elizabeth. He is off to the overseas racing tracks again. He will be competing in the Northern Italian and the European Championships.

His philosophy in life is: "Racing, competing, it's in my blood. It's part of me, it's part of my life!"

Schaeffer skerm sy pad oop tot in Algiers en Tashkent

HANRU BÜHRMANN

Schaeffer Georgiou (Graad 11) het vroeër vanjaar sy nasionale kleure in skerm verwerf en het Suid-Afrika hierdie jaar reeds by twee internasionale kampioenskappe verteenwoordig.

By die Junior & Kadet Afrika-kampioenskap, wat van 1 tot 5 Maart in Algiers, Algerië gehou is, het hy 'n silwermedalje in die Kadetkompetisie verower. Die top vier deelnemers van elke land neem aan hierdie kompetisie deel. Schaeffer het dus tweede uit meer as 100 deelnemers geëindig, voorwaar 'n groot prestasie.

Die Junior & Kadet Wêreldkampioenskap het van 1 tot 9 April in Tashkent, Uzbekistan, plaasgevind. Meer as 500 van die wêreld se beste kadette het hier deelgeneem. Schaeffer het by hierdie kompetisie ongelukkig nie vir die uitkloprondtes gekwalifiseer nie. Hy sê: "Ten spyte daarvan dat ek nie tot die uitkloprondtes kon deurdring nie, is ek baie dankbaar vir die ondervinding wat ek opgedoen het."

Die kadette is alle deelnemers onder die ouderdom van 17 jaar en die juniors is deelnemers tussen 17 en 20 jaar. Alle deelnemers begin so 'n toernooi as ongekeurd.

Aan die einde van die poelrondtes, waar almal in poele teen mekaar skerm, bepaal die hoeveelheid punte wat iemand opgebou het sy voorlopige toernooiposisie, asook of hy na die uitkloprondtes toe deurgaen.

As kadet kan Schaeffer ongelukkig nog nie 'n posisie op die wêreldranglys beklee nie. Dit is eers moontlik in die Junior afdeling. Schaeffer se volgende toernooi is die Junior & Kadet Statebondkampioenskap, wat van 11 tot 17 Julie in Kaapstad gehou word.

Qualifying Vitality members can get up to 25% cash back on HealthyFood items at Woolworths

Soccer success is a result of commitment

CHRIS LOWE

The Kay Motsepe Schools Cup is a national soccer tournament which is also regarded the biggest of its kind. What makes this challenge so extraordinary is the massive contribution it makes towards education by means of the legacy projects that are funded by the handsome prize money, annually awarded to the provincial champions.

Grey College is privileged to be amongst the teams selected to take part in this prestigious event, which initially kicks off in the Motheo district. Teams that manage to escape being knocked out advance to a succeeding level, eventually leading to the final challenge, revealing the best of the best.

The College boys have been victorious in all of their matches thus far, beating opponents such as Sehunelo, HSB, Head Start High, Kopanong and Heatherdale, finishing at the top of their group in the Round Robin phase. The next phase awaiting these players is the quarter finals.

Coach Nicolas Koupis and captain Big Boy (Kamo) Mokalakae attribute their success to the loyal spirit amongst the players and emphasised that the level of play at



Angelo Arendse, first team soccer star.

Photo: Supplied

Grey is of remarkable standard. Star player Muso Rampa says, "The team is only as good as the entire team effort on the day, but the keepers and defence players are delivering outstanding performances. We believe that we will try our best on any given day and look forward to any challenge."

With sponsors such as the

Motsepe Foundation, Sanlam and the Ubuntu-Batho Trust, who have enabled a tournament of this magnitude, the Grey College soccer team may very well be on the way to winning the glittering prize of R1 million.

The soccer players can also look forward to the annual Engen Knockout Challenge coming up.

It's all about Grey. A proud sponsor.

www.urbanhotels.co.za

BLOEMFONTEIN
051 444 3142
info@urbanhotels.co.za

KATHU
053 050 0076
info.kathu@urbanhotels.co.za

urbanhotels



uitslae
Inter Schools Affies

RUGBY

First Team	lost	18-29
Cherries	won	29-24
Third team	lost	17-18
Fourth team	won	25-18
Fifth team	won	15-12
Sixth team	won	33-15
Seventh team	won	21-0
Eighth team	won	21-12
Ninth team	won	45-10
Tenth team	won	19-15
u/16 A	won	17-16
u/16 B	lost	19-22
u/16 C	lost	0-25
u/16 D	lost	12-14
u/16 E	lost	0-55
u/16 F	won	53-10
u/15 A	won	32-24
u/15 B	won	13-12
u/15 C	lost	7-20
u/15 D	lost	0-36
u/14 A	won	31-17
u/14 B	lost	12-24
u/14 C	won	12-10
u/14 D	drew	19-19

HOCKEY

First team	lost	2-5
Second team	won	3-1
Third team	won	1-0
u/16 A	won	2-0
u/16 B	won	2-1
u/16 C	won	3-0
u/16 D	drew	2-2
u/14 A	drew	2-2
u/14 B	won	4-0
u/14 C	lost	0-4

hokkie uitslae

KES TOERNOOI

vs Eldoraigne	wen	3-2
vs Affies	verloor	4-1
vs St Johns	verloor	1-0
vs St Davids	gelykop	2-2
vs Parktown	wen	1-0

NOMADS TOERNOOI

vs Pretoria Boys	verloor	3-2
vs Maritzburg	verloor	4-0
vs Jeppe	verloor	2-1
vs Westville	verloor	3-1
vs St Albans	verloor	3-0



Jacques Louw in aksie teen Paarl Boys High tydens die interskool kragmeting.

Foto: Verskaf

Stryd teen topskole toets karakter

Toernooie by KES en Jeppe lok jaarliks die beste hokkieskole in Suid-Afrika

EBERT WÖHLITZ

Gedurende April het Grey se eerste hokkiespan baie hokkie, en redelike goeie hokkie gespeel. Die King Edward VII School, of KES, se jaarlikse rugby-en hokkietoernooie het plaasgevind vroeg in April.

Talle van die land se beste hokkieskole het gereis na Johannesburg om aan hierdie gesogte toernooi deel te neem. Gedurende

vier dae is daar 'n totaal van 28 wedstryde gespeel. Die spanne wat deelgeneem het was: KES, Affies, Northwood, DHS, St Davids, St Johns, Parktown, Eldoraigne, The Panthers (Engeland) en Grey. Mnr. Wayne Coetzee, een van die afrigters by Grey, sê: "Grey was die afgelepe twee jaar nie by hierdie toernooi nie, maar het in die tien jaar voor dit nog altyd presteer by hierdie toernooi."

Die onder 19 Nomads-Hokkietoernooi, wat elke jaar in April gehou word, is weer vanjaar by Jeppe High School aangebied. Die toernooi is een van die oudste skole-hokkietoernooie en bestaan uit 'n groep seuns-hoërskole wat op uitnodiging deelneem.

Op die eerste dag was die spel onderbreek deur hevige donderstorms en wedstryde was uitgestel weens die gevaar van weerlig.

Uiteindelik is al die wedstryde darem klaargemaak. Alhoewel Grey nie al hulle wedstryde gewen het nie, was daar tog 'n paar positiewe punte. Mnr. Coetzee sê: "Ons het baie komplimente ontvang van personeel aangaande die dissipline en sportsmanskap van die seuns op en af van die veld af. Ons is ook gelukkig genoeg om te kan sê dat ons kon deelneem in beide toernooie sonder enige beserings."

Moedige muurbalspan veg voort ondanks terugslae vroeg in seisoen



Johan van Eck, lid van die eerstespan.

Foto: Verskaf

ETIENNE ERASMUS

Gedurende die paasvakansie het die o/19-A muurbalspan na Grey High in Port Elizabeth vertrek, vir die Grey Raquets and Gholff Festival.

Die Grey-muurbalspan het bestaan uit Hanru Bühmann, Brendan York, Josh Joubert, Wico de Kock, Van Zyl Cilliers, Tumi Mayiyane en Cameron Timm (wie beseer was, maar die span vergesel het as kaptein).

Grey het meegeding teen ander skole soos Bishops, Grey High (A en B), Pearson, Framesby en Selborne. Grey het redelik goed gevaar op dié toernooi, wat vir die eerste keer aangebied is. Mnr.

Rudeé Barker sê: "Die toernooi se reëlings was baie goed en die fasiliteite was puik."

Met hul aankoms het die dubbelspel-wedstryde begin. Die eerstespan het ongelukkig al hulle wedstryde verloor, gedeeltelik weens die feit dat wedstryde aanhou vir 15 minute, in plaas daarvan dat die telling by 11 gestop word.

Nadat die dubbelspel-wedstryde afgehandel was, het die enkelspel-wedstryde begin. Die eerstespan presteer hier ook nie baie goed nie en verloor teen Framesby en Selborne, met 2-4 en 0-6, onderskeidelik.

"Na die eerste twee wedstryde wat ons verloor het was ons

negatief, maar ons het almal besluit ons gaan aanhou bly speel en Grey-guts toon deur net ons beste te gee", het Brendan York, gesê.

Na 'n dag vol teenspoed het die eerstespan hard teruggeveg en naelskraap teen Grey High se A-span met 2-4 verloor en gelykop gespeel teen Grey High B met drie-elk. Hulle wen egter teen Pearson met 5-1. Grey eindig sesde uit die agt spanne wat deelgeneem het.

Mnr. Barker, wat die span vergesel het, sê: "Dit was werklik 'n uitstekende toernooi en ons hoop dat Grey is in die toekoms nog steeds deel kan wees van hierdie toernooi. Met harde werk kan ons dit in die nabye toekoms wen."

Talentvolle Wilco bevestig sy gehalte met top-prestasies

HUGO RICHTER

Wilco Nienaber, 'n graad negeleerder, het die jaar met 'n knal afgeskop en vroeg in Januarie vanjaar reeds 'n paar junior gholffitels verower.

Die talentvolle Nienaber het as wenner by die Nomads o/15-toernooi by Rustenburg Gholffklub weggestap. Hy het na drie rondtes 'n uitmuntende 12 houe onder die baansyfer gespeel, 10 houe minder as sy naaste teenstander.

Slegs twee dae daarna het hy stof in die ander gholffers se oë

geskop en die eerste plek by die Clarens Junior Ope behaal. Kort daarna wen hy ook die 'National Order of Merit' by Durban Gholffklub na 'n naelbystryd tussen hom en twee ander spelers.

Na die Magersfontein Junior Ope lê Nienaber eerste op die Vrystaat/Noord-Kaap-ranglys. Die tweede tot vyfde plekke word onderskeidelik deur Therion Nel, Ruan Pretorius, Steven le Roux en Attie van Wyk beklee. Almal van hulle is boonop lede van Grey se eerste gholffspan.

Nienaber en Le Roux het

gedurende Mei in 'n toernooi gespeel waaraan die 48 top-spelers in die land deelgeneem het. Dit het by Milnerton Gholffklub plaasgevind en hulle het in verskeie spanne deelgeneem. Le Roux was lid van die 'President's Team' en Nienaber van die SAGA Juniors, wat eerste geëindig het. Le Roux meen dat die baan in 'n puik kondisie was.

"Dit was baie lekker om daar te speel, omdat die baan langs die kus geleë is. Die verbyf was ook uitstekend en ek het dit waardeer om deel te kon wees van die toernooi."


MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM
0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIËSE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

S SPORT



Passion and precision results in run of success

soccer



Baby Vettel builds his racing career



hokkie
Top-toernooie toets span se karakter

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Junie / June 2015



Tennis dra nasionale vaandel in Qatar

Jan-Paul Berry is lid van die eerste tennisspan wat in Qatar deelgeneem het.

Foto: Verskaf

Wêreldklas-fasiliteite in Doha bring beste uit span

CHRISTOPHER SCHREUDER

Grey Kollege se eerste tennisspan het aan die ISF Tennis Skole-kampioenskappe in Doha, Qatar deelgeneem. Die wedstryde het by die Khalifa Internasionale Tennis-en-Muurbalkompleks, plaasgevind.

Grey en Oranje het 2014 as die no.1 tennisskole vir onderskeidelik

seuns en dogters in Suid-Afrika afgesluit. Daarom was Grey en Oranje die verkose skole om Suid Afrika te verteenwoordig.

Mnr. Naresh Mahabeer (spanbestuurder) sê: "Die tennisfasiliteite was wêreldklas. Dit was 'n ongehooflike ervaring vir Grey om te kon deelneem en te sien hoe sterk baie lande se skoletennis is."

Grey het teen Lycee Sonia Delaunay (Frankryk) en Karsiya Yamanlar High (Turkye) die knie gebuig. Grey het egter 'Grey Guts' gewys en die res van die opponente van die baan gevee en 9de geëindig.

Grey en Oranje is bekroon met die 'Fair Play Award', nadat die ander spanne vir hulle gestem het. Jan-Paul Berry, nommer 3-speler, sê: "Ek

weet dat 'n mens jousef nooit moet oorskakel nie, maar tydens dié toer het ek ook geleer dat mens jousef ook nie moet onderskat nie."

Die ISF Tennis Wêreld Skole Kampioenskappe het tennis van 'n baie hoë standaard gelewer en verskeie van die spelers van ander lande het hoë posisies op die ITF ranglys beklee.

sport kalender

5-7 Julie
SOKKER
Engen Knockout Challenge

17-19 Julie
GHOLF
Tempe Ope

31 Julie – 1 Augustus
INTERSKOLE
Grey PE in Bloemfontein

5-7 Augustus
GHOLF
SA Hoërskole Kampioenskappe

7-9 Augustus
SOKKER
St Davids-toernooi in Johannesburg

7-8 Augustus
INTERSKOLE
Maritzburg College in PMB

14-15 Augustus
INTERSKOLE
Glenwood in Bloemfontein

20-22 Augustus
INTERSKOLE
Paul Roos in Stellenbosch

4-6 September
KRIEKET
St Davids 20/20 Toernooi in JHB

11-12 September
KRIEKET
Hilton College in PMB



LET 1LIFE HELP SECURE YOUR FAMILY'S FUTURE WITH A BALANCED FINANCIAL PLAN, TAILORED TO YOUR NEEDS AND BUDGET.

SMS 'LIFE' to 43867** and we will call you back, or visit www.1Life.co.za for an online quote and more information on Life, Dread & Disability cover. **3rd SMS rates apply.

*Risk profile dependent. Terms and conditions apply. 1Life Insurance Limited is an authorised financial services provider (FSP licence number 24769). 1Life Changing Lives is a trademark of 1Life Insurance Limited.

1life

Changing Lives